



Sonstraal trek 'n nuwe baadjie aan

Die kerkraad het deur die loop van 2019 opnuut gedink oor die roeping wat die Here vir Sonstraal in ons tyd en konteks het. Ons het weer in verwondering gestaan voor die Here en die diep, tydlose waarhede van die Evangelie. Dit is hierdie kosbare verhouding met die Here, met mekaar en die wêreld waarin ons leef waaroor dit vir ons gaan – en dit wil ons nuut en vars kommunikeer. Almal moet weet waarom ons hier is en wat vir ons belangrik is.

Die resultaat van baie ure se stilword rondom die Woord, gesprekke en kreatiewe prosesse is ons nuwe logo en roepingstelling. Om ons eenheid te beklemtoon is die nuwe logo en roepingstelling op albei bedieningspunte van toepassing – wat voortaan as Sonstraal Kerkentrum en Sonstraal@Curro bekend sal staan. Ons deel dit graag met julle met die vertroue dat julle die logo en roepingstelling met groot entoesiasme sal aanvaar en deel sal maak van julle lewens.

Leef om te dien

Hierdie slagspreuk herinner ons aan die lewe van Jesus wat ons elke dag, oral navolg en waarin ons ons diepste bestaansvreugde en -sin vind. Die logo is 'n visuele uitbeelding van ons slagspreuk.

Oorkoepelende roepingstelling

By Sonstraal Gemeente is almal welkom - hier leer ons saam om soos Christus te leef.

Roeping

Ons roeping staan op drie bene:

Genade (Ons leef uit God se goedheid en onverdiende genade);

Gasvryheid (Ons leef gasvry - soos God drie-enig);

Gestuur (Ons leef gehoorsaam – fyn ingestel om te hoor waarheen God ons stuur)

Logo met slagspreuk

Die logo is in die vorm van 'n multi-dimensionele kruis – met die volgende betekenis:

- Die kruis as sentrale fokus: Christus staan sentraal as die rede en wyse van ons bestaan as gemeente. Ons vier die lewe van Jesus (2 Kor. 5:14 - 20; 3:18).
- Die kruis as mens: Ons is elkeen in Christus opgeneem – Hy in ons en ons in Hom – deur die kruis (Rom. 6:1-14).
Ons vier ons verlossing in Christus;
- Die kruis as gemeenskap: Ons is deur Christus aan mekaar verbind, al is ons verskillend (Rom. 12:3-8).
Ons vier ons diversiteit en eenheid in Christus;
- Die kruis as gerigtheid op die wêreld: Saam is ons op die wêreld rondom ons gerig om, soos Jesus, te dien (Joh. 3:16-17; 20-21).
Ons vier die gawes wat die Here aan elkeen gee;
- Die kruis as lewe: Skakerings van groen dui op die lewe en groei in Christus (Gal. 5:13-26).
Ons vier die werk van die Heilige Gees in ons lewens;
- Die kruis as egtheid: Die kruis vertoon gebroke – en dui op ons gebrokenheid wat deur Christus se gebrokenheid heelgemaak word (2 Kor. 5:6-15).
Ons vier ons vryheid om mens te wees soos ons is met die wete: God se genade is vir ons genoeg.

JAARTEMA
2020



Adventstyd (Desember tot einde Feb): **Leef lig**
Lydenstyd (Maart tot middel April): **Leef in jou Lyf**
Paastyd (Middel April tot einde Mei): **Leef met 'n Lag**
Koninkryktyd (Junie tot einde Nov): **Leef met Liefde**